

# AFRIKAANSE WONINGBOU.

DEUR GERARD MOERDIJK.




VOOR GEVEL.



SY GEVEL

**Beskrywing van illustrasie.**

Die illustrasie wat ons hierdie mand gee is 'n klein eenvoudige huisie, so eenvoudig, dat dit oorbodig skyn om selfs nog 'n plan te maak. Maar dit is 'n goeie reël om, voordat mens iets doen, te dink en uit te werk om te sien wat nou onder die omstandighede eintlik wel die beste is. Dit spaar baie nuttelose of verkerde arbeid. As daar alreeds met die werk 'n aanvang gemaak is ,dan is dit moeilik om iets te verander. Hoe klein 'n huis ook moet wees, daar is altyd 'n goeie, betere of beste plan voor.


In die geïllustreerde plan is daar min ruimte vermors. Daar is natuurlik nie al die geriewe van 'n groter huis nie, tog kan dit gesellig gemaak word en bevat alles wat absoluut noodsaaklik is. Daar is 'n badkamer en dit is onmisbaar. Dan is daar 'n goedkope plan vir 'n vuurherd. So'n vuurherd is baie nodig, veral in die kouere dele van ons land. Die tyd gaat nou verby dat ons mense kort na sononder gaan slaap, en om winteraande in 'n kamer sonder 'n vuurherd deur te bring is onaangenaam 'n Brandende vuur gee gesellighеid en huislikheid aan die eenvoudigste kamertjie.

Die huisie kan deur 'n plaasboer en sy volk self gebou word. Die dak kan somaar van ronde houte wees en met gras of riete gedek word. Die stoep is oorrank met druiwe, wat in die somer mooi koelte gee en in die winter keer hulle nie die son vanuit die huis nie. Dit lyk baie mooier as 'n sinkdak oor die stoep.


Die mure kan maar ru wees . Ru klipwerk lyk mooi, veral as daar klimplante soos die ,,Virginia creeper'' of ,,Ivy'' teen rank. Die klimplante beskerm nog die mure ook.

**Beantwoording van briewe.**

Die briewe wat hierdie keer ingekom het bewys weer, wat ek alreeds by die begin gesê het. Die ideale huis bestaan nie. Dit is onmoontlik om 'n huis te ontwerp wat onder alle omstandighede die beste is. 'n Huis wat op een plek ideaal so wees, is miskien geheel ongeskik vir 'n ander plek. Altyd moet die bouterrein in aanmerking geneem word voordat met die ontwerp begin word en daarom juis is 'n deskundige so nodig.




DEURSNEI.




PLAN

Die een leseres skryf uit 'n subtropiese gedeelte van die land, 'n ander van een van die koudste gedeeltes. Die huis wat in die Maart nommer verskyn het, is nie een wat ek sou aanbeveel vir Barberton nie, en net so min vir Ermelo en Volksrust. Vir daardie plekke is die objeksies gegrond, maar dit sou nou wel paslik wees vir 'n klimaat soos die van Pretoria.

Mevr. D. R. Schoeman skryf:—

,,Die vensters wat Mnr. Moerdyk aanwys is ongetwyfeld mooi, maar vir mense wat in subtropiese dele van die land woon en wat gaasdraad moet voorsit om insekte uit die huis te hou, is die gewone skuifraam volgens my oordeel die geskikste.

Kan Mnr. Moerdyk miskien 'n ander mooi venster voorstel wat ook geskik is om gaasdraad te hou?

Die kaggels beskou ek in 'n warm klimaat oorbodig en sal bly wees om dit vervang te sien met iets meer prakties.

Sê byvoorbeeld die eetkamer moet as werkkamer gebruik word, hoe sal dit lyk om die kaste van die gang daarin te sit?

Mnr. Moerdyk antwoord hierop:

1.

Die vensters soos angewys is ook geskik vir 'n muskietproef-huis, alleen dan moet hulle naar binnekant oopslaan ,sodat die gaas aan die buitekant kan vasgeset word.

Ook kan skuiframe gemaak word, wat of van onder naar bo, of naar die sykant in die muur kan gekuif word, maar dan moet die gaasdraad op 'n raam geset word, sodat dit maklik kan afgehaal word, indien die vensters van buite moet gewas word. Met vensters wat naar binne oopslaan kan die draad permanent vas wees.

In die warm dele van ons land is die vuurherd oorbodig, maar daar is ook plekke waar soiets in die winter onmisbaar is.

Mevr. J. F. Fritz vind die huis heerlik gerieflik, maar dink die eetkamer is bietjie klein, en dit sal baie vol wees. Sy stel voor dat die eetkamer 18 by 18 gemaak word, deur die muur tussen kombuis en eetkamer 3 voet te versit, en dan ook 3 vt. te verskuif, dat die kombuis dieselfde grootte behou soos aangegee. Dan word die gang ook 'n stukkie langer, en die spensdeur is dan 'n bietjie verder van die kombuis. Maak dan die spens deur in die stukkie gang.

2.

Die leseres kan 'n huis bou volgens die plan as sy wil, maar dit is gevaarlik om daaraan te gaan verander. As die plan nie aan haar gegewens voldoen nie, dan sou dit beter wees om 'n heeltemal ander plan te maak, of te wag totdat daar meer geskikte voorbeelde in ,,Die Boerevrou'' verskyn. Dit is maklik om 'n bestaande plan te verander, maar moeilik om dit te verbeter. Dit lyk miskien meer gerieflik vanuit een oogpunt, maar verloor baie waarde vanuit 'n ander en die hele dak konstruksie is daarmee gemoei. Voordat daar veranderinge gemaak word, is dit altyd beter om die saak met deskundige te bespreek, ek bedoel argitekte, nie boukontrakteurs nie, en nooit die ou spreekwoord te vergeet nie wat sê dat ''n swaap inhardloop waar 'n engel bang is om te tree.

'n Gang is nuttelose ruimte en is iets wat so min moontlik gebruik moet word . 'n Doel om na te strewe is om 'n gerieflike huis te kry waarvan die verskillende dele privaat is, maar heeltemal sonder gang. Al daardie byvoeging van gange is iets wat ek totaal afkeur.

**Woonkamer of ontvangkamer.**

Heir word 'n vername punt aangeroer . Dit hang heeltemal van die lewensmanier van 'n famielie af of 'n woonkamer 'n deurloop gaat wees of nie, of liewer gesê of dit onwenslik is dat so'n kamer 'n deurloop word. Daar is 'n gewoonte by mense om een kamer heeltemal apart te hou van die res van die huis. In hierdie kamer lê 'n rooi tapyt en daarin staan ook al die mooi goedjies en portrette van die famielie, alleen gaste word hierin ontvang. Maar dit is nie die doel met die woonkamer nie. Die woonkamer of ontvangkamer van die gegewe planne word die middelpunt van die huis, dit neem so te sê die plek van die eetkamer in, behalwe dat daar nie in geëet word nie. Die moderne neiging is om die woonkamer meer en meer te bewoon en die eetkamer al kleiner te maak en alleen vir maaltye te gebruik. Vir 'n famielie waar die ou ,,voorkamer'' nog verlang word, is die plan natuurlik nie die mees gewenste nie.

Mevr. F. Joubert skryf sy het al te veel sin gehad in die plan van die huis, maar haar paar objeksies was dat om op die verskillende verandas te kom 'n mens altyd deur 'n kamer moes loop, vernaamlik is dit tog alte sleg om 'n slaapkamer 'n deurloop te maak. ,,Dan ook, hier op die hoëveld waar die koue winde so waai is soveel buitedeure in die slaapkamers ongewens, dit veroorsaak te veel trek deur 'n huis. Ons moet bou en ek het wou toe verander aan die plan deur gange tussen die voorste en middelkamer en agterste en 'n 2de kamer te sit. Ek het ook nog 'n slaapkamer meer nodig as in die plan, en so het ek toe tussen eetkamer en studeerkamer ook 'n gang en nog 'n slaapkamer ingesit en die huis toe dieselfde fatsoen gegee aan die eetkamer kant as wat die ander kant van die huis is, met 'n gang tussen kombuis en eetkamer.

Antwoord:—

Die eetkamer kan maklik 3 voet groter gemaak word, dit maak min verskil aan die huis. Die kwessie van die grootte van kamers is 'n persoonlike saak. M.i. is 'n kamer van 18 x 15 'n beter vorm as 'n vierkant.

Agter die hele kwessie van huisbou en in die besonder in verband met die grootte van kamers, staat die kwessie van koste. Groot kamers is mooi, maar groot kamers is duur.

,,As ek een dag groot is'' sê Kleinjan, ,,dan gaan ek ook soek na skatte wat begrawe is. Ek wil die plek opsoek waar oorlede Methusalem sy verjaarsdagpresente gebêre het.''

* * *

Vrou: ,,Ek kook en kook vir jou, en wat het ek daarvan? Niks!''

Man: ,,Jy is gelukkig, ou kindjie. **Ek** het altyd slegte spysvertering.''

* * *

,,Voor ons trou,'' sê sy op verwytende toon, ,,het jy my altyd met 'n motor kom uitneem. Vandag is die ou trem goed genoeg vir my.''

,,Ja, maar sien jy, my Hartjie,'' antwoord hy ewe rats, ,,ek is so hoogmoedig op jou, en in die trem kan al die mense jou sien!''